

Skriflesing: Mattheus 21:12-32Teks: **Mattheus 21:21, 23**Sing- **Ps. 68:7; Ps. 86:8; Ps. 98:4; Ps. 134:4****Mattheus 21:12-32**

Mat 21:12 En Jesus het in die tempel van God ingegaan en almal wat in die tempel verkoop en koop, uitgejaag en die tafels van die geldwisselaars en die stoele van die duiweverkopers omgegooi.

Mat 21:13 En Hy sê vir hulle: Daar is geskrywe: My huis moet 'n huis van gebed genoem word. Maar julle het dit 'n rowerspelonk gemaak.

Mat 21:14 En daar het blindes en kreupeles na Hom gekom in die tempel, en Hy het hulle gesond gemaak.

Mat 21:15 En toe die owerpriesters en skrifgeleerdes die wonderwerke sien wat Hy gedoen het, en die kinders wat in die tempel uitroep en sê: Hosanna vir die Seun van Dawid! was hulle verontwaardig

Mat 21:16 en sê vir Hom: Hoor U wat hulle daar sê? En Jesus antwoord hulle: Ja, het julle nooit gelees: Uit die mond van kinders en suigeling het U vir U lof berei nie?

Mat 21:17 En Hy het hulle verlaat en uit die stad uitgegaan na Betánië en daar vernag.

Mat 21:18 En vroeg in die môre toe Hy teruggaan na die stad, het Hy honger gehad;

Mat 21:19 en Hy sien 'n vyeboom langs die pad en gaan daarnatoe; maar Hy het niks daaraan gevind nie as net blare alleen; en Hy sê vir hom: Laat daar uit jou tot in ewigheid nooit weer 'n vrug kom nie! En onmiddellik het die vyeboom verdroog.

Mat 21:20 En toe die dissipels dit sien, was hulle verwonderd en sê: Hoe het die vyeboom so onmiddellik verdroog?

Mat 21:21 Maar Jesus antwoord en sê vir hulle: Voorwaar Ek sê vir julle, as julle geloof het en nie twyfel nie, sal julle nie alleen doen wat met die vyeboom gebeur het nie; maar al sê julle ook vir hierdie berg: Hef jou op en werp jou in die see—sal dit gebeur.

Mat 21:22 En alles wat julle in die gebed vra, sal julle ontvang as julle glo.

Mat 21:23 En toe Hy in die tempel gegaan het, kom die owerpriesters en die ouderlinge van die volk na Hom terwyl Hy besig was om te leer, en hulle sê: Deur watter gesag doen U hierdie dinge, en wie het U hierdie gesag gegee?

Mat 21:24 En Jesus antwoord en sê vir hulle: Ek sal julle ook een ding vra, en as julle dit vir My sê, sal Ek julle ook vertel deur watter gesag Ek hierdie dinge doen.

Mat 21:25 Die doop van Johannes, waar was dit vandaan, uit die hemel of uit mense? En hulle het by hulleself geredeneer en gesê: As ons sê: Uit die hemel—dan sal Hy ons vra: Waarom het julle hom dan nie geglo nie?

Mat 21:26 En as ons sê: Uit mense—dan moet ons oppas vir die menigte, want almal hou Johannes vir 'n profeet.

Mat 21:27 Toe antwoord hulle Jesus en sê: Ons weet nie. Hy sê toe ook vir hulle: Dan vertel Ek julle ook nie deur watter gesag Ek hierdie dinge doen nie.

Mat 21:28 Maar wat dink julle? 'n Man het twee kinders gehad, en hy gaan na die eerste en sê: Kind, gaan werk vandag in my wingerd.

Mat 21:29 En hy antwoord en sê: Ek wil nie; maar later het hy berou gekry en gegaan.

Mat 21:30 Toe het hy na die tweede gegaan en vir hom net so gesê; en hy antwoord en sê: Ja, heer. En hy het nie gegaan nie.

Mat 21:31 Wie van die twee het die wil van die vader gedoen? Hulle antwoord Hom: Die eerste. Jesus sê vir hulle: Voorwaar Ek sê vir julle, die tollenaars en die hoere gaan julle voor in die koninkryk van God.

Mat 21:32 Want Johannes het na julle gekom in die weg van geregtigheid, en julle het hom nie geglo nie; maar die tollenaars en die hoere het hom geglo. En julle het dit gesien en tog nie later berou gekry om hom te glo nie.

Pretoria (30 Maart 2014) Montanapoort (30 Maart 2014) (Diaken Reuben Grobler bevestig)

Skriflesing: Mattheus 21:12-32

Teks: **Mattheus 21:21,23**

Sing- Ps. 68:7; Ps. 86:8; Ps. 98:4; Ps. 134:4

Broeder en suster, as ons die laaste week van Jesus op aarde terug spoor dan het ons te doen met intense gebeure, intense woorde. Wanneer woorde en daede mekaar ontmoet is daar gewoonlik aksie en reaksie. Dit is beslis deel van ons gelese gedeelte vandag. U sal onthou tot dusvêr het in die reeks uitgestaan die twee mees belangrike vrae wat gevra kan word, is Wie Jesus waarlik is en met watter gesag en mag sy optrede verbind kan word.

In die direk vooraf gedeelte het ons die gebeure wat mense geruk het. Jesus het die tempel 'n tweede maal in dié drie jaar wat Hy op aarde amptelik besig was, gereinig. Jesus het niemand se toestemming moes vra vir wat Hy by die tempel gedoen het nie. In alle geval het Jesus dit baie duidelik gemaak dat die tempel moet 'n huis van gebed wees. Dit wat Jesus daar aantref is nou 'n rowerspelonk.

Daardie Maandag het Jesus sonder om baie te sê baie gedoen. Ons weet ook dat die verdroogde vyeboom, deur Jesus tot in sy wortels gedood was. Dinsdag was dit reeds kaal, verskroei, verdroog. Dit het die dissipels op die Dinsdag aangegryp, al was die boom op die Maandag al vervloek. Nie om die vyeboom te straf nie, want was dit in alle geval nie tyd vir vye nie maar Jesus laat die vyeboom vooraf spreek oor wat Hy by die tempel sal aantref.

By die tempel sal Jesus aantoon hoe bankrot die mense in hulle godsdiens was. Hulle is so vrugtelos en kaal soos die vyeboom geword het. Baie blare, baie takke, geen vrug nie. Die tempel word deur geld en wins gedryf, ja die kerk verval tot een groot geldmaak besigheid, daarom keer Jesus die tafels om en die hoofde by die tempel insluitende lede van die Sanhedrin, 'n hoë tipe van raad in daardie tyd, ja ook Kajafas wat Hoëpriester was, was deel van die droë en kaal takke van die vyeboom. Vir wat sulke mense van die ware diens aan God laat oorbly daarvoor het Jesus geen tyd nie. Jesus betoon deur die vyeboom dat mense in hulle godsdiens baie kan voorgee maar nie waarlik gewortel is en vrug dra wat by die roeping en die bekering pas nie.

Jesus het wel tyd vir die dinge waar die ware godsdiens om moet gaan. Dit wat die ware godsdiens by die ware kerk uitbring is die krag van gebed en die inslag van die ware geloof.

Pretoria (30 Maart 2014) Montanapoort (30 Maart 2014) (Diaken Reuben Grobler bevestig)

Dit gaan nie in die kerk eerstens oor watter hoeveelhede geld is daar ter sprake of hoe kan daar baie geld gemaak word nie, nee die kerk moet gedra word deur geloof en deur gebed.

Dit waarmee Jesus daardie Maandag se optrede mee afgesluit het. Matt.21:21-22 *Voorwaar Ek sê vir julle, as julle geloof het en nie twyfel nie, sal julle nie alleen doen wat met die vyeboom gebeur het nie; maar al sê julle ook vir hierdie berg: Hef jou op en werp jou in die see—sal dit gebeur. 22 En alles wat julle in die gebed vra, sal julle ontvang as julle glo.*

U onthou saam met Jesus se kragdadige omkeer by die tempel gebeur die gelyktydige opbou. Omkeer en opbou is ewe veel aan die orde want soos wat daar tafels omgekeer was, so was daar blindes en kreupeles wat daardie selfde Maandag opgebou was. Jesus het hulle tussen die omgekeerde tafels gesond gemaak. Die hoogtepunt van so 'n onderstebo dag in ons Here se lewe was egter nie die stem van grootmense en die lawaai van tempelhoofde nie, maar kinderstemme wat 'n tweede keer dit uitsing – Hosanna... *Hosanna vir die Seun van Dawid.* Ja, Sondag was dit Hosanna toe Jesus met die donkies die stad inkom, met hierdie deurmekaar Maandag is daar wel weer Hosanna, maar nou in volle kinder gelid- want dit is pragtige kinderstemme wat aan Jesus die lof gee toe grootmense se minagting 'n verontwaardiging geword het.

As ons Jesus die Maandag oor geloof en gebed hoor praat, dan is dit aangrypend dit wat Sondag en Maandag se gebeure aanmekaar verbind. Sondag het dit al gegaan oor beskikbaarheid. By die donkies het dit gaan oor die Here het hulle nodig. Soos met die donkies so het Jesus die magsvermoë om op jou beslag te lê soos die beslag op daardie donkies en dan moet ons vir die Here beskikbaar wees, maar Maandag gaan dit nie oor ons wat vir God beskikbaar moet wees nie, maar God toon sy beskikbaarheid aan ons.

Glo en bid - waarlik, dit moet jy weet God stel Hom vir jou beskikbaar. Daar kan geen groter mag wees as die mag wat daar by God is nie maar nou wys Jesus nie net sy negatiewe veroordelende mag waarvan die vyeboom die simbool was nie, maar Jesus maak die berge die simbool van positiewe opbouende ja uitbouende mag... Jesus laat berge voor ons inskuif om dit deur die woorde van geloof en gebed weer weg te skuif- In God se magsvermoë staan Matt. 21:21- *al sê julle ook vir hierdie berg: Hef jou op en werp jou in die see—sal dit gebeur.* Al is geloof en gebed geen towerstaf nie, dit moet ons ook goed onthou. Daar kan geglo word dat die gebed van die gelowige 'n kragtige uitwerking het. Dit is 'n belofte van

Pretoria (30 Maart 2014) Montanapoort (30 Maart 2014) (Diaken Reuben Grobler bevestig)

die Here Self (vgl. Jak.5:16). Ons lees ook in Fil. 4:6- **6** *Wees oor niks besorg nie, maar laat julle begeertes in alles deur gebed en smeking met danksegging bekend word by God.* Watter genade om dit te mag hoor en te ontvang, maar broeder en suster ons het nie te doen met 'n blanko tjek wat mense dink hulle kan maar enigiets daarop invul en God sal dit gee nie. So werk dit nie! Dit gaan nie oor avontuurlustigheid en ek berge kan skuif want kry ek deur die gebede bo-menslike krag wat my as mens wonders laat doen nie. Dit is beslis nie waaroor dit gaan nie. Ook nie dat ek maar net bid en ek hoef nie te werk nie, want God sal mos sorg. Dit het ons vanoggend al gelees, wie nie wil werk nie, moet ook nie wil eet nie (2 Thes.3:10).

Dit wat Jesus met die ware geloof en die opregte gebed bedoel is dat daar altyd met God se wil rekening gehou moet word. Ons vra nie dit wat ons wil is nie, maar mag God se wil eerste staan. Ons moet die Naam van die Here selfs in ons swaarkry ook kan grootmaak. Ons moet God onder alle omstandighede kan eer en waarlik op Hom vertrou. Al gebeur dinge anders, al kry ek nie presies wat ek in die gebed vra nie, moet ons beseft in siekte, in teëspoede (al die dinge wat ons in Sondag 10 van die Kategismus bely) hieronder moet ek kan leer om my denke vir God oor te gee. Mag God wat die beste weet die beste gee wat Hy alleen kan gee. Daar moet nie by ons twyfel wees oor God se almag nie, ons moet kan aanvaar dat God voorsien wat vir ons die beste is.

Dit is hoe ons dit moet benader, want die gebed hang ook weer baie nou saam met Wie ons waarlik te doen het. Die gebed hang saam met die gesag van Christus. Die Joodse leiers het die Dinsdag-oggend wat Jesus nie weer die tempel omkeer nie, maar nou is Hy besig met opbouwerk, Hy is besig om die mense in die tempel te leer, maar Maandag se omkeer was vir die mense wat dink hulle dra die gesag 'n werklike probleem. Mense wat nie kan aanvaar hoe durf Jesus doen wat Hy daar gedoen het nie, hulle verstaan nie die ware doel van wat Jesus doen en waarvoor Hy gekom het nie. Daarom kry ons hierdie Dinsdag die vraag wat tussen baie vrae in die laaste week wat Jesus op aarde was, sou uitstaan- *Deur watter gesag doen U hierdie dinge, en wie het U hierdie gesag gegee?*

Ons moet nie vir 'n oomblik dink dat hierdie maar toe 'n onskuldige vraag was nie. Alles behalwe, dit is 'n strikvraag, veral oor die venyn wat die godsdienstige leiers die vorige dag moes verduur het. Die vraag na gesag is eintlik ook mos maar 'n vraag na reg. Wie gee jou die reg om die tempel te kon omkeer, is wat agter hierdie vraag aan ons Here skuil. Die

Pretoria (30 Maart 2014) Montanapoort (30 Maart 2014) (Diaken Reuben Grobler bevestig)

vraag na met watter gesag hulle te doen kry, het natuurlik ingebou die vraag na waar kom die gesag vandaan.

Ons kan begin agterkom waar dit tot nou in baie opsigte 'n vraag was na Jesus se identiteit gaan dit ook nou al hoe meer oor Jesus se integriteit. Hulle wat hulleself as leiers wil voordoen begin al hoe meer Jesus uit te daag, hulle maak reg vir 'n geveg. Tog laat ons Here Hom nie hierdeur vang nie. Trouens die Here vra 'n teenvraag, deur die vraag na wie Johannes die Doper vir hulle is en die gesag wat Johannes bedien het behoort 'n antwoord te wees op hulle vraag. Is Johannes se doop 'n hemelse doop of 'n mensedoop...?

Hierdie tempelleiers het besef hulle het hulleself in die hoek vas geverf. Dit besef die owerhede as hulle sê Johannes het met hemelse gesag gedoop dan word dit baie erg want het hulle hierdie hemelse gesag wat Johannes bedien het dan hoegenaamd nie eerbiedig nie. As hulle Johannes se doop afmaak as gewoon mensedoop, dit is maar 'n aardse handeling gewees, dan brei dit hulle onguns onder die volk net nog verder uit. Dit terwyl dit vir hulle baie belangrik is om onder die mense gewild te wees. Altyd bly die gevaar na gewildheid lewensgroot waarvoor die mens alles sal gee net om gewild te wees?!

Hierdie eerste direkte skermutseling wat die week plaasgevind stuur egter gou op 'n dooiepunt af. Die leiers gee seker die swakste antwoord wat mens kan gee deur te sê dat hulle nie weet nie. Om te sê- *ons weet nie...* is vals en is indirek 'n erkenning van die valsheid van hulle eie posisie. Om oor so 'n belangrike saak so 'n antwoord te gee wys hoe hulle alles behalwe doen wat geroepe dienaars veronderstel is om te doen, nl. om die hemelse gesag te bedien (Die gesag wat ons ook moet bedien, wanneer ons as ouderlinge en diakens bevestig word en as diakens en ouderlinge moet dien.) Die antwoord wat daar vir Jesus gegee is verraai egter baie duidelik dat hierdie mense baie meer besorg is oor hulle eie agenda en so bang is om hulle geloofwaardigheid onder die volk te verloor, ja dit is tragies as mens so met jouself en jou eie dinge behep raak dat die hemelse gesag nie meer erken word nie. So iemand kan ook geen gesagvolle antwoord oor geestelike sake meer gee nie.

Eintlik wys hulle patetiese antwoord dat hulle gesag het geen hemelse gronde nie. Hulle wil Jesus na die oorsprong van sy gesag probeer uitdaag, terwyl hulle antwoord wys dat hulle het geen hemelse gesag meer nie, hulle gesag het eintlik alle gesag verloor deur geheel en al

Pretoria (30 Maart 2014) Montanapoort (30 Maart 2014) (Diaken Reuben Grobler bevestig)

menslike georiënteerd te raak. Hulle weet nie meer wanneer gesag van die Here kom of wanneer dit sommer mensgemaak is nie. Die weg van die minste weerstand is gewoonlik geen ware weg nie. Wanneer hulle hierdie weg verkies beteken hulle het ook geen reg om van Jesus 'n antwoord te verwag nie. Daarom het Jesus geweier om hulle te antwoord want wat Jesus sou sê sou deur hulle misbruik word. Dit het die Here geweet.

In alle geval hoef die Here nie sy gesag verder te bewys nie, want die Maandag se gebeure, by die tempel waar kreupeles kan loop, blindes sien, hoor wat het die kinders gesing, dit weerklink deur na Dinsdag, ja na elke dag want het Jesus nie nodig om sy gesag te verklaar nie, sy daede is reeds gesagvol. Hier is daede wat spreek, nie maar net woorde nie. Selfs die leiers sou nie kon sê dat ons het nie gesien nie. Hoe wonderlik die getuigenis van daardie blindes, daardie dowes. Die God wat hemelligame as planete in eie wentelbane kan laat draai, wat die son in die middel van hierdie sterrestelsel geplaas het, groot en omvangryk, ons kan dit nie werklik meet nie, die hitte van die son laat mens nie koud nie, tog het die vingers wat die hemelligame oopgespan het, hy kan fyn vat en die sagte weefsel van 'n oordrom word weer so oopgespan dat die oor kan hoor. Hy lê weer spierweefsel waar net vel en been was en dit vir jare nutteloos was. Hy laat die dowwe oë skielik weer helder kyk, dit het mos alles Maandag gebeur.

Broeder en suster, want waar hierdie eerste deel van Jesus se laaste week baie gedraai het oor Wie Jesus is, waarvandaan kom sy gesag, gaan Jesus hierna twee gelykenisse vertel wat bietjie die spieël voor ons inskuif. In die gelykenisse, draai Jesus die proses om en laat Jesus die mens na homself kyk. Wie is jy mens, die mense moet hulleself in die gelykenisse herken en besef wat gebeur. Daarby moet ons kom.

AMEN